KENNISGEWING VAN RISIKOWAARSKUWING

RISIKO-WAARSKUWING: 'Verskilkontrakte' (CFD's) is ingewikkelde finansiële produkte, en die meeste daarvan het nie 'n vasgestelde vervaldatum nie. Daarom verval 'n CFD-posisie op die datum wat jy kies om 'n bestaande oop posisie te sluit. CFD's, wat hefboomprodukte is, het 'n groot risikovlak en kan daartoe lei dat jy al jou belêde kapitaal verloor. Daarom is 'n CFD moontlik nie geskik vir alle individue nie. Jy moenie meer op die spel plaas as wat jy bereid is om te verloor nie. Voor jy besluit om te verhandel, moet jy seker maak dat jy die risiko's verstaan wat betrokke is en ook jou vlak van ondervinding in aanmerking neem. Jy moet onafhanklike advies inwin, indien nodig.

1. OMVANG VAN DIE KENNISGEWING

1.1 Khwezi Financial Services Financial Services Ltd. (genoem **'Khwezi Financial Services'**, die **'Firma'** en **'ons'**) voorsien jou van hierdie 'Kennisgewing van Risiko-openbaarmaking' (die **'Kennisgewing'**) om jou te help om die risiko's te verstaan wat dit kan inhou wanneer jy Verskilkontrakte (**'CFD's**) verhandel. Maar jy moet onthou dat die Kennisgewing nie al die risiko's en aspekte bevat wat daarby betrokke is wanneer jy CFD's verhandel nie. Die Kliënt (genoem **'Kliënt'**, **'jy'**, 'jou', **'jyself'** en **'jouself'**) moet die Kennisgewing sorgvuldig lees tesame met die 'Kliënte-ooreenkoms', die 'Beleid vir Uitvoer van Opdrag' en die dokumentasie/inligting wat vir jou beskikbaar is deur ons webblad.

1.2 Jy moet seker maak dat enige besluit om CFD's te verhandel 'n ingeligte besluit is en dat jy jou kennis, ervaring asook jou persoonlike omstandighede in ag neem (insluitende maar nie beperk nie tot jou finansiële posisie). Daarbenewens moet jy seker maak dat jy die aard van CFD's verstaan, asook die omvang van alle risiko's en aspekte wat betrokke is by die verhandeling van CFD's.

1.3 Let wel dat CFD's finansiële hefboomprodukte is en dat daar dus 'n hoë risiko van verlies is wanneer CFD's verhandel word, aangesien prysbewegings beïnvloed word deur die hoeveelheid van die hefboomeffek wat die kliënt gebruik.

1.4 Die verhandeling van CFD's is nie gepas vir alle mense nie. Jy moet onder geen omstandighede meer op die spel plaas as wat jy bereid is om te verloor nie.

2. GESKIKTHEIDASSESSERING

2.1 Wanneer Khwezi Financial Services jou 'Open rekening-vorm' verwerk, doen hulle 'n assessering van jou geskiktheid om CFD's te verhandel en bepaal dan, gegrond op inligting wat jy aan ons voorsien, of jy genoegsame kennis en ervaring het om die risiko's te verstaan wat betrokke is by die verhandeling van CFD's. Ons sal jou in kennis stel van die resultaat van ons assessering, maar dit onthef jou nie van die nodigheid om sorgvuldig te oorweeg of jy CFD's by ons moet verhandel nie. As ons jou waarsku dat die verhandeling van CFD's waarskynlik nie geskik is vir jou nie, dan moet jy jou daarvan weerhou om CFD's te verhandel totdat jy genoeg kennis en ondervinding het; byvoorbeeld, jy kan CFD's verhandel op 'n demonstrasie-rekening voordat jy CFD's in 'n werklike omgewing begin verhandel om jou so eers deeglik vertroud te maak met die relevante risiko's.

3. AARD VAN CFD's

3.1 CFD's is ooreenkomste om die verskil in waarde van 'n spesifieke instrument of geldeenheid te ruil tussen die tyd waarin die ooreenkoms aangegaan is en die tyd wanneer dit gesluit word. CFD's stel die Firma se Kliënte in staat om die ekonomiese uitwerking van verhandeling in sekere geldeenhede of ander instrumente te repliseer sonder dat daar vereis word dat hulle daardie bates in werklikheid besit.

3.2 CFD's is afgeleide produkte wat van die beurs af (of oor die toonbank (**'OTC'**)) verhandel word; dit beteken dat Khwezi Financial Services te alle tye die teenparty is tot die Kliënt-verhandelings en enige CFD-verhandelings wat met die Firma aangegaan word, kan net by ons gesluit word. Jou vermoë om verhandelings te open en/of sluit, hang af van die beskikbaarheid van ons handelsplatform(s).

3.3 Jy verstaan dat jy nie geregtig is op die fisiese aflewering van die onderliggende instrument (of verwysingsinstrument) van die CFD's wat jy verhandel nie, en jy het geen regte op die onderliggende instrument (soos stemregte indien jy CFD's op aandele verhandel) nie.

3.4 CFD's fluktueer in waarde gedurende die dag; die prysbewegings van CFD's word deur 'n aantal faktore bepaal, insluitende maar nie beperk nie tot die beskikbaarheid van markinligting.

4. PRYSE EN KOSTE

4.1 Die pryse wat deur ons handelsplatform(s) gegenereer word, spruit uit die pryse van die relevante onderliggende instrumente, wat die Firma verkry van derdeparty-likiditeit/prysverskaffers. Die pryse van CFD's wat jy by ons verhandel, sluit 'n prystoeslag in; dit beteken dat die spreidings wat deur ons aangebied word, bestaan uit (i) die rou-spreiding ontvang van likiditeit/prysverskaffer(s) en (ii) 'n toeslag (waar van toepassing).

4.2 Daar kan van die kliënt vereis word om 'n kommissie en/of ander fooie te betaal om sekere CFD's te verhandel. Vir alle tipe CFD's wat deur die Firma gebied word, word die kommissie (indien van toepassing) en finansiering/oornagfooie nie ingesluit by die Firma se kwotasiepryse nie en word die Kliënterekening(s) uitdruklik daarmee gedebiteer. Wanneer dit kom by finansiering/oornagfooie, word die waarde van die geopende posisies by sommige tipes finansiële instrumente verhoog of verlaag deur 'n daaglikse 'ruiling' van die finansieringfooi regdeur die lewensduur van die verhandeling. Die finansieringfooie is gebaseer op heersende mark-rentekoerse. Van Maandae, Dinsdae, Donderdae en Vrydae word die ruiling eenkeer op elke besigheidsdag gedebiteer, en op Woensdae word die ruiling drievoudig gedebiteer, om die naweek in berekening te bring.

4.3 Jy moenie jou Rekening befonds met geld wat jy by enige kredietfasiliteit gekry het nie (soos banklenings of ander). Jy moet verstaan dat jou algehele risiko's noemenswaardig sal verhoog. Byvoorbeeld, as jy verliese ly met jou verhandelings, sal jy steeds enige bedrag wat jy geleen het, moet terugbetaal plus enige rente of ander koste. Daarom mag jy nooit enige verhandelings met sulke geleende geld finansier nie en moet jy nooit staatmaak op enige winste van enige verhandelings om sulke bedrae terug te betaal nie.

5. MARKTOESTANDE, VEREISTE MARGE, HEFBOOM EN STOPVLAKKE

5.1 Die verhandeling van CFD's stel jou in staat om 'n hefboomwerking te gebruik om 'n verhandeling te open deur 'n fraksie van die totale handelswaarde te deponeer; dit beteken 'n relatief klein markbeweging kan aanleiding gee tot 'n baie groter beweging in die waarde van jou verhandeling. Vir die doel van margeberekenings sal die hefboomvlak wat gebruik word die laagste een wees van: (i) die Rekening of (ii) simbool wat verhandel word. Hierdie logika is van toepassing op al ons handelsplatforms.

5.2 Gedurende die proses wanneer die rekening geopen word, is die verstekhefboom vasgestel op 1:100.

5.3 Finansiële markte kan baie vinnig fluktueer as gevolg van gebeure wat buite die beheer van die Firma en/of van jou is; as gevolg daarvan sal pryse wisselvallig raak. Een vorm van prysongestadigheid is 'gapings', wat ontstaan wanneer daar 'n skielike verskuiwing van pryse is van een vlak na 'n ander. Dit kan byvoorbeeld veroorsaak word deur politieke gebeure, onverwagte ekonomiese gebeure of markaankondigings, binne of buite handelsure. Khwezi Financial Services se platform sal derhalwe dan nie jou instruksies uitvoer teen die aangevraagde prys nie. En, as pryse teen jou beweeg, sal dit ook nog 'n direkte en ware-tyd-impak op jou verhandelings hê, wat dan outomaties stopvlak bereik. Dit is moontlik dat al jou verhandelings sal stop; en nie net dié wat verliese ly nie.

5.4 Dit is jou verantwoordelikheid om die vereiste marge van jou oop posisies te monitor, en om 'n stopvlak te voorkom, sal jy dalk jou Rekening moet befonds.

6. BUITELANDSE VALUTA EN ANDER VERWANTE RISIKO'S

6.1 Die beweging van buitelandse valuta sal 'n impak op jou hê as jy 'n produk verhandel wat aangewys is in 'n geldeenheid anders as die geldeenheid van jou Rekening. Enige valuta-omsettingberekenings word deur die Firma aan die Kliënt voorsien in die geldeenheid soos aangewys in die Kliënt se rekening, en in die geldeenheid van die relevante CFD, deur middel van die kruis-loko-koers.

6.2 Jou kapasiteit om CFD's te verhandel, kan ook beïnvloed word as gevolg van veranderings in wetlike, regulatoriese en belasting-omgewings en/of ander.

7. TEGNIESE RISIKO'S

7.1 Ons probeer voortdurend om pryse te genereer en jou te voorsien van toegang* tot ons handelsplatforms regdeur die handelsessies, soos aangedui op ons webtuiste. Maar daar is tye waar dit nie moontlik is nie; byvoorbeeld, gevalle van swak telekommunikasie/ internetkonneksie, stelselfoute en kragonderbrekings en/of ander faktore. Bogenoemde kan veroorsaak dat pryse verander in die tyd wanneer 'n opdrag gegee is en die tyd wat die opdrag ontvang is deur die Firma. Hierdie tegniese risiko's kan verder ook 'n groot impak op die uitvoering van jou opdragte hê.

* Toegang tot ons handelsplatforms sluit in toegang deur toepassings op elektroniese toestelle.

8. KLIËNTEGELD

8.1 As jy gekategoriseer is as 'n kleinhandelskliënt, sal enige geld wat ons namens jou in 'n gesegregeerde rekening by Standard Bank van Suid-Afrika hou, apart gehou word van die Firma se geld. Die Kliëntegeld sal nie saamgegooi word met geld wat aan ander kliënte behoort nie. 'n Kliënt se eis kan slegs wees teen die Kliënt se geld in sy rekening. Die enigste potensiële risiko vir rekenings wat in Standard Bank van Suid-Afrika gehou word, is gewoonlik as die instelling in gebreke bly; as hierdie instelling in gebreke bly, kan die Kliënt geen vergoeding eis by Khwezi Financial Services nie.

9. GEEN RAAD

9.1 Khwezi Financial Services mag van tyd tot tyd, en so dikwels as wat hulle dit as gepas beskou, derdepartymateriaal uitreik en/of versprei (die **'Materiaal'**), wat inligting bevat, wat insluit maar nie beperk is nie tot die toestande van die finansiële markte, wat op ons Webtuiste en ander media verskyn en/of deur jou ontvang word. Neem kennis dat die Materiaal net as bemarkingskommunikasie beskou moet word, en dit bevat nie, en moenie as sodanig vertolk word nie, beleggingsadvies en/of 'n beleggingsaanbeveling en/of 'n aanbod vir of werwing vir enige transaksies in finansiële instrumente nie; enige besluit om 'n spesifieke transaksie aan te gaan, sal deur die Kliënt gedoen word na 'n assessering deur hom/haarself van die situasie. Khwezi Financial Services maak geen voorstelling en aanvaar geen aanspreeklikheid ten opsigte van die akkuraatheid of volledigheid van die inligting wat voorsien word nie, asook geen verlies wat voortspruit uit enige belegging gebaseer op 'n aanbeveling, voorspelling of ander inligting wat verskaf word deur enige werknemer van Khwezi Financial Services, 'n derdeparty of andersins nie. Die Materiaal word nie voorberei in ooreenstemming met regsvereistes wat die onafhanklikheid van beleggingsnavorsing bevorder nie en dit is nie onderhewig aan enige verbod op handel voor die disseminasie van beleggingsnavorsing nie. Alle meningsuitings wat ingesluit is in die Materiaal is onderhewig aan verandering sonder kennisgewing. Enige opinies wat gelug word, kan die opinie van die skrywer wees en is nie noodwendig die opinies van Khwezi Financial Services nie

9.2 Khwezi Financial Services voorsien nie beleggings-, finansiële, regs-, belasting-, regulatoriese of ander advies oor die verhandeling van CFD's nie. Enige materiaal of inligting of ander aspekte wat dalk aan jou voorsien word deur ons Webtuiste, handelsplatforms, bemarking- of opleidingsgeleenthede of andersins, is generies en moenie beskou word as advies wat op jou van toepassing is of gebaseer is op 'n oorweging van jou persoonlike omstandighede nie. Jy moet onafhanklike professionele advies inwin by 'n behoorlik gekwalifiseerde adviseur, indien nodig, voordat jy begin om CFD's met ons te verhandel.

10. PRESTASIE IN DIE VERLEDE

10.1 Prestasie in die verlede, simulasie of voorspelling van CFD’s is nie 'n aanduiding van toekomstige resultate nie. Indien jy kies om 'n spesifieke strategie op die handelsplatform-kodebasis of die CRM-stelsel na te boots of te volg, is Khwezi gevrywaar en vrygestel van enige en alle aanspreeklikheid, skade, verliese, eise, wat gevolglike verlies insluit, gely of aangegaan deur die kliënt wat die gevolg is van of verband hou met die implementering van 'n Spieëlrekening. Jy moet daarvan kennis neem dat die waarde van jou belegging kan daal (asook styg) namate die markprys van die onderliggende bate afwaarts (of opwaarts) fluktueer.